higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN670**(A)**(N5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N4

(6020254)

5 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

DIE VRAESTEL, WAT DIE INSTRUKSIES INSLUIT, MOET 30 MINUTE VOOR DIE AANVANG VAN DIE EKSAMEN AAN KANDIDATE GEGEE WORD.

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

AFDELING A: TIKTEGNIEK	**2 UUR**	**200**
AFDELING B: WOORDVERWERKING	**1 UUR**	**100**
GROOTTOTAAL	**3 UUR**	**300**

KANDIDATE WORD 30 MINUTE VIR DIE LEES VAN INSTRUKSIES TOEGELAAT VOOR DIE VRAESTEL BEANTWOORD WORD. TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat NIE gereed en betyds is vir die TYD-NOUKEURIGHEIDSTOETS (VRAAG 1) nie, sal eers na afloop van die toegelate TIEN MINUTE vir die toets in die lokaal toegelaat word.

2. Kandidate word voor die eksamen begin 3 MINUTE toegelaat om VRAAG 1 deur te lees.

3. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Na afloop van die TIEN MINUTE neem toesighouers die toetse in en teken direk na die laaste getikte woord op elke bladsy. Toetse wat nie deur toesighouer geteken is nie, sal NIE nagesien word nie. Toetse word tot aan die einde van die eksamen gehou waarna dit in die teenwoordigheid van die kandidate in die EKSAMENOMSLAE geplaas word.

AFDELING B: WOORDVERWERKING

1. BEANTWOORD AL DIE VRAE.

2. Prosedure vir VRAE 7A en 8A: Sleutel in, stoor en druk.

3. Prosedure vir VRAE 6B, 7B en 8B: Herwin, kopieer en verwerk volgens die instruksies in deel B van elke vraag. Stoor en druk.

4. Plaas deel A asook deel B in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

DRUKWERK

1. Jy moet jou antwoorde druk gedurende die DRIE uur wat vir insleutel en verwerking toegelaat is. GEEN ekstra tyd word toegelaat nadat die DRIE uur verstryk het nie.

2. Elke antwoord moet op 'n APARTE A4-BLADSY gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

ALGEMEEN

1. Jy mag 'n sakrekenaar, rekenaarliniaal en 'n woordeboek gebruik. Jy mag ook die ASCII-kodes en ook die templaat gebruik.

   GEEN NOTAS OF ENIGE ANDER ONTOELAATBARE MATERIAAL MOET IN HIERDIE ARTIKELS VERSTEEK OF INGESKRYF WORD NIE.

2. Gebruik slegs COURIER NEW 12 pt tensy dit anders in die vraestel aangedui word.

3. Stoor jou werk met gereelde tussenposes om te voorkom dat data wat ingesleutel is gedurende 'n kragonderbreking verloor word. Slegs die verlore tyd van die kragonderbreking sal bykomend toegelaat word – GEEN ekstra tyd word toegelaat vir werk wat verloor is nie.

4. In geval dat 'n rekenaar of drukker onklaar raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die WERKLIKE VERLORE TYD sal bygevoeg word.

5. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER op elke vraag in. GEEN vrae sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nagesien word nie**.**

6. GEE DIE VOLGENDE AAN DIE EINDE VAN DIE EKSAMENSESSIE IN:

   6.1 EKSAMENOMSLAG met drukstukke wat nagesien moet word, in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel

   6.2 SKYF/GEHEUESTOKKIE – behoorlik met jou EKSAMENNOMMER gemerk

   6.3 ALLE ander drukstukke. GEEN drukstukke mag uit die eksamen-lokaal geneem of in snippermandjies geplaas word nie.

7. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat te gee, is 'n oortreding van die eksamenreëls en sal in 'n ernstige lig beskou word. Indien jy aan sodanige oortreding skuldig bevind word sal ernstige stappe teen jou geneem word.

WAG VIR DIE INSTRUKSIE VAN DIE TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

		TYD	PUNTE
VRAAG 1	**TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS**	**10 MINUTE**	**20**
VRAAG 2	**TABEL**	**24 MINUTE**	**40**
VRAAG 3	**SAKEBRIEF**	**34 MINUTE**	**55**
VRAAG 4	**KOLOMME**	**40 MINUTE**	**65**
VRAAG 5	**AFRIKATAAL**	**12 MINUTE**	**20**
TOTAAL		**120 MINUTE**	**200**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: **Links: 2.54 cm/1"** **Regs: 2.54 cm/1"** **SPOED: 35 w.p.m. (minimum vereiste)** **FONT: Courier New 12 pt**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Nee** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: 1.5 (1½) of dubbel (2)**

1. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS hier onder moet slegs een keer ingesleutel word.
2. Die uittreksel maak vir spoed van 35 en 40 woorde per minuut voorsiening.
3. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER in.
4. Stoor die dokument as V1 en druk.
5. Toesighouers sal die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS inneem en teken en aan die einde van die eksamensessie teruggegee word. ALLE bladsye moet geteken word. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG

Inligtingstegnologie sluit hulpmiddels in wat inligting elektronies stoor, ontvang en oordra. E-posse, selfone, kitsboodskappe, sosiale netwerktoepassings en videokonferensies het die manier waarop mense en organisasies kommunikeer vereenvoudig. Hierdie hulpmiddels laat mense toe om teen 'n redelike lae koste onmiddellik met ander mense in enige wêrelddeel te kommunikeer. Vooruitgang in vervoertegnologie het gelei tot elektriese treine en vliegtuie wat dit maklik gemaak het om binne 'n kort tydjie lang afstande af te lê.

Tegnologie het die ontwikkeling van platforms vergemaklik wat gelei het tot werkskepping en wat kommunikasie soos Facebook, Twitter, WhatsApp, Google en Amazon laat ontstaan het. Sosiale netwerktegnologie help mense om met ou vriende kontak te maak. Die aanvaarding van tegnologie het nuwe nywerhede en beroepe soos programmeerders, databasisbestuurders, stelselontleders en

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

webontwerpers laat opskiet. Nuwe argitektoniese tegnologie het die gehalte van huidige huisontwerpe verbeter. Outomatiese deure wat met vingerafdrukke werk het veiligheid in huise en organisasies verbeter. Met die installering van webkameras kan ouers hulle huise dophou terwyl hulle weg is.

Tegnologie het gelei tot meer gemak in onderwys deur platforms soos aanlynstudie-instellings. Aanlynbankdienste verskaf doeltreffende bankgeriewe aan kliënte en verminder toue in die bank. Die gebruik van tegnologie in die gesondheidsektor het gelei tot outomatiese toerusting wat help om foute deur dokters en administrateurs te verminder.

As jou skool steeds oor die nuutste tegnologie redeneer, moet ek vir jou sê dat dit in elk geval onvermydelik die toekoms van onderwys is. Dit is belangrik dat skole se draadlose netwerk in pas bly met die steeds veranderende tegnologie sodat hulle met studente in pas kan bly.

35 w.p.m.

Of dit nou vir gemaklike kommunikasie via e-pos met onderwysers is of vinnige toegang tot 'n oormaat van aanlyninligting oor 'n spesifieke onderwerp wat

40 w.p.m.

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES:	**Gelyke kantruimtes**	**JUSTERING:**	**Soos aangedui**
FONT:	**Courier New 12 pt**	**REËLAFSTAND:**	**Soos aangedui**
PAPIER:	**A4-landskap**		

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAAR-NOMMER as 'n kopskrif in.
2. Neem ALLE proefleestekens in ag.
3. Proeflees, stoor die dokument as V2 en druk.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Oorsig oor tieners, sosiale media & tegnologie [bk, vetdruk voluit]

#

Verslag inforgraphics[1] [gesp hfls, kursief]

#

[Kandidaat: Verander jare na vetdruk]

Tieners & tegnologie [loop aan] [voluit]	2010 Seuns [bk]	2011 Meisies [bk]	2012 Seuns [bk]	2013 Meisies [bk]	2014 Seuns [bk]	2015 Meisies [bk]	2016 Alle seuns [& bk, voluit] [meisies bk]
	%	%	%	%	% [trs]	%	%
Facebook	71	41	51	35	46	81	91
#							
Instagram	52	20	19	15	21	44	84
#							
Twitter	33	6	3	10	12	33	61
#							
Gogle+ [sp]	33	5	10	6	14	31	59
#							
Snapchat	41	11	7	8	8	23	20
#							
Vine	24	1	2	2	5	11	13
#							
Tumblr	14	3	4	1	2	5	6
Computers	88	88	89	-[2]	78	-[2]	67

#

[Kandidaat: Regsbelyn alle syfers]

1 Bron: Pew Research centre surveys conducted 2010-2016 ~~2017~~ [skrap]

2 Koppeltekens as Λ vrae nie ~~gevra~~ is nie [Λ hierdie] ~~beantwoord~~

[40]

VRAAG 3: SAKEBRIEF

TYD: 24 MINUTE **PUNTE: 55**

KANTRUIMTES: **Links: Gebruik BRIEFHOOF** **Regs: 2.54 cm/1"** **FONT: Courier New 12 pt** **(Behalwe waar anders aangedui)**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe**

1. Herwin die briefhoof VRAAG 3 op jou netwerk/hardeskyf/geheuestokkie.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER en die STASIE-/REKENAARNOMMER as 'n voetskrif in.
3. Neem alle proefleestekens in ag.
4. Proeflees, stoor die dokument as V3 en druk.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Voeg vandag se datum voluit in

ǂ

Skuif

Geagte Me. Mashile

ǂ

Redes hoekom ons skole tegnologie in / klaskamer moet gebruik **bk, vetdruk**

ǂ

[2. Dit gee studente / kans op ʌ interaksie met klasmaats deur ʌ **meer** samewerking aan te moedig. [1. Integrering van tegnologie in / klaskamer is beslis 'n manier om diverssiteit in leerstyle te bereik. [5. Studente **sp** is in staat om toegang tot / mees onlangse inligting vinniger en makliker **o/streep** te kry as tevore. [3. Tegnologie help / onderwysers om studente op / werklike lewe voor te berei. [4. Om tegnologie elke dag in onderwys te integreer hou studente betrokke. [~~6. Met tegnologie is / klaskamer 'n gelukkige plek.~~ **skrap**

----------**bladsybreuk**----------

Nommer tweede bladsy as 2 bo links

[8. Studente het toegang tot digitale hand~~laboratorium~~boeke wat voortdurend bygewerk word. [6. Met tegnologie in / ~~klaskamer~~ word / onderwyser / ondersteuner, **stet** raadgewer & afrigter. [7. Tegnologie help studente om studies hul **voluit trs** te beheer en hulle leer om self te besluit & vir hulleself te dink. **voluit**

Die uwe
Nengome Mukondi, Opvoeder: Inligtingstegnologie **kursief** } **Sit korrek uiteen**

Kandidaat: Rangskik paragrawe in numeriese volgorde. Laat TWEE letterspasies en keep in.

Soek tegnologie en verander na kursief en vetdruk

Ontvanger se adres:

Me. NL Mashile
Departement van Onderwys
Privaatsak X2201
Pretoria **bk**
0002

[55]

VRAAG 4: KOLOMME

TYD: 40 MINUTE **PUNTE: 65**

KANTRUIMTES: **Links: 2.54 cm/1"** **Regs: 2.54 cm/1"** **FONT: Courier New 12 pt** **(Behalwe waar anders aangedui)**	**PAPIER: A4-landskap** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe**

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER en die STASIE-/REKENAARNOMMER as 'n kopskrif in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Proeflees, stoor die dokument as V4 en druk.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Belangrikheid van Tegnologie in / Werkplek **bk, vetdruk, Arial 14 pt, sentreer**
ǂ
ǂ
Kandidaat: Skep TWEE gelyke kolomme

Kolom 2

Verbeter Kommunikasie **bk, kursief, o/streep**
ǂ
Kandidaat: Rangskik paragraafnommers in numeriese volgorde, vervang nommers met kolpunte van jou keuse en keep in

1.╫Besigheidstegnologie is belangrik omdat dit kommunikasie in / werkplek verbeter. [4.╫Kantoorwerkers is nie langer beperk tot foonoproepe of ʌ tussen kantore om interaksie met mekaar te hê nie. ʌ pos
[3.╫ Besigheidstegnologie verbeter kommunikasie met kliënte en sakevennote omdat inligting onmiddellik deur vele kannale gestuur kan **sp**
word. [2.╫Elektroniese pos laat werkers toe om onmiddellik boodskappe **trs**
te stuur sonder dat / ontvanger onderbreek word.

Kolom 1

Mensekapitaal **bk, kursief, o/streep**
ǂ ~~produktiwiteit~~
1.╫Tegnologie in / werkplek verbeter / ~~effektiwiteit~~ van keuring, werwing en **stet**
aanstel van potensiële kandidate. [3.╫Tegnologie soos persoonlikheidsassesserings en keuringshulpmiddels help besighede om vas te stel of 'n potensiële kandidaat by / organisasie sal pas. [2.╫Besighede gebruik / Internet om / inligting oor / organisasie te versprei en om vakante poste te adverteer. [4.╫Personeelbestuurders kan kandidate opspoor deur digitale advertensietegnologie te gebruik wat / web blaaie opspoor wat hulle ~~enige tyd~~ gebruik. **skrap**

[65]

VRAAG 5: AFRIKATAAL

TYD: 12 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES:		**PAPIER:**	**A4-portret**
Links:	**2.54 cm/1"**	**WOORDBREKING:**	**Nee**
Regs:	**2.54 cm/1"**	**JUSTERING:**	**Links**
FONT:	**Courier New 12 pt**	**REËLAFSTAND:**	**1.5 (1½)**

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKE-NAARNOMMER as 'n kopskrif in.
2. Proeflees, stoor die dokument as V5 en druk.
3. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Thekhinologi musala uno ndi yavhudi, nahone i thusa uri zwithu zwi leluwe. Fhedzi ha i dovha hafhu ya ri tshinyela vhana, ngauri vha vho toda na u guda zwithu zwo bvaho nnda ha ndila.

Hone ha ndi vhudifhinduleli ha mubebi munwe na munwe uri u alusa hani nwana wawe, e tsini na thekhinologi ya musala uno. Ri dovha hafhu ...

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

AFDELING B: WOORDVERWERKING

WERK VINNIG EN NOUKEURIG

VRAAG 6:	**PARAGRAWE**	**A**	**0 MINUTE**	**0**
		B	**15 MINUTE**	**25**
VRAAG 7:	**MEMORANDUM**	**A**	**10 MINUTE**	**17**
		B	**14 MINUTE**	**23**
VRAAG 8:	**UITEENSETTINGSWERK**	**A**	**7 MINUTE**	**12**
		B	**14 MINUTE**	**23**
	TOTAAL		**60 MINUTE**	**100**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

VRAAG 6A: PARAGRAWE

TYD: ALREEDS INGESLEUTEL **PUNTE: 0**

KANTRUIMTES:		**PAPIER:**	**A4-portret**
Links:	**3.81 cm/1.5"**	**WOORDBREKING:**	**Nee**
Regs:	**3.81 cm/1.5"**	**JUSTERING:**	**Justeer**
FONT:	**Courier New 12 pt**	**REËLAFSTAND:**	**Dubbel (2)**

1. Hierdie dokument is reeds ingesleutel en op jou netwerk/hardeskyf/geheuestokkie as V6A gestoor.
2. Herwin die dokument. Proeflees en korrigeer foute indien nodig.
3. Verwerk volgens die instruksies in VRAAG 6B.

Indien die dokument nie ingesleutel is nie moet jy dit volgens die voorbeeld hier onder insleutel. Proeflees en stoor dit as V6A. Verwerk volgens die instruksies in VRAAG 6B.

MOET NIE VRAAG 6A DRUK NIE.

Het jy jouself al gevra hoekom tegnologie vandag so belangrik is? Kyk om jou rond en jy sal die antwoord kry. Jy is elke oomblik letterlik omring deur tegnologie. Of jy werk of rus, jy gebruik altyd tegnologie. Dit word oral en altyd gebruik. Die gebruik daarvan het die lewe vergemaklik. Ons het tegnologie nodig Dit is belangrik. Jy wil weet hoekom? Verafgeleë plekke is nou nader danksy tegnologie. Die pas waarteen ons lewe het toegeneem as gevolg van tegnologie. Kommunikasie is blitsig, reis is gou, beweging is maklik, aksie is haastig, interaksie is vinnig en so is die lewe. Dinge wat vroeër ure geneem het om te voltooi, kan vandag binne sekondes gedoen word. Die wêreld is kleiner en die lewe vinniger danksy tegnologie. Hoekom is tegnologie belangrik? Vanweë die toepassing van tegnologie het ons lewenstandaard verhoog. Ons voorsien gemakliker in ons behoeftes. Tegnologie het vooruitgang in landbou gebring, wat

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6A (VERVOLG)

tot toename in voedselproduksie gelei het Te danke aan die ontwikkeling in ingenieurswese en argitektuur is die bou van stewige siviele strukture moontlik. Ondernemings het gegroei en meer werksgeleenthede geskep Vordering in tegnologie het gelei tot die ontwikkeling van nuwe en vinniger vervoer en kommunikasie. Die toepassing van tegnologie het ontwikkeling bevorder in velde wat wissel van genetika tot die buitenste ruim. Rekenaars en internettegnologie is oral. Dit het elke sektor verander; of dit nou medisyne, toerisme, onderwys, vermaak of enigiets anders is. Tegnologie het elke aspek van die lewe aangeraak en dit makliker, beter en anders gemaak Die uitvinding van elektrisiteit het lig in die donkerte gebring As dit nie vir tegnologie was nie, sou ons nie elektrisiteit kon opwek of dit kon gebruik nie. Hitte-energie (uit verbranding in fossielbrandstofkragaanlegte, uit stoom in termiese kragaanlegte en uit chemiese reaksies in kernkragaanlegte) word omgeskakel in meganiese energie vir aandrywing van turbines gekonnekteer aan elektriese generators wat elektrisiteit opwek. Deur die gebruik van oorhoofse en ondergrondse kabels kan die elektrisiteit versprei word na die kleinste huishoudings in die verste uithoeke van die wêreld danksy tegnologie. Wat het die gebruik moontlik gemaak van verskillende energiebronne om elektrisiteit op te wek? Hoe kon elektrisiteit gekanaliseer word na veraf

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6A (VERVOLG)

plekke? Weereens deur die toepassing van tegnologie. Nie net basiese behoeftes nie, maar selfs luukshede het ons leer ken danksy tegnologie! Hoe sou daar so maklik in ons basiese behoeftes voorsien kon word sonder tegnologie? Die mens kon in sy behoeftes voorsien selfs voor die koms van tegnologie.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6B: PARAGRAWE

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTRUIMTES: **Links: 2.54 cm/1"** **Regs: 2.54 cm/1"** **FONT: Courier New 12 pt (Behalwe waar anders aangedui)**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe**

1. Herwin die dokument wat ingesleutel is en stoor dit op jou netwerk/hardeskyf/ geheuestokkie as V6A.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKE-NAARNOMMER as 'n kopskrif in.
3. Verwerk volgens die instruksies in VRAAG 6B.
4. Proeflees (gebruik 'n speltoetser), stoor as V6B en druk die dokument.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat: Verander alle onderstreepte opskrifte na hoofletters en kursief
Voeg bladsynommers bo gesentreerd in op bladsye 2 en 3

Λ Hoofredes hoekom tegnologie vandag so belangrik is **16 pt, bk, vetdruk, sentreer**
ǂ

Kandidaat: Voeg paragraafnommers in, keep in en rangskik in numeriese volgorde. Voeg simbole in waar aangedui met twee letterspasies en keep in.

1.╫ Het jy jouself al gevra hoekom tegnologie vandag so belangrik is? [✌ Kyk om jou rond en jy sal die antwoord kry. [✌ Jy is elke oomblik letterlik omring deur tegnologie. [✌ Of jy werk of rus, jy gebruik altyd tegnologie. Dit word oral en altyd gebruik. Die gebruik daarvan het die lewe vergemaklik. [2.╫Ons het tegnologie nodig [✍ Dit is belangrik. Jy wil weet hoekom? [✍ Verafgeleë plekke is nou nader danksy tegnologie. [✍ Die pas waarteen ons lewe het toegeneem as gevolg van tegnologie. [✍ Kommunikasie is blitsig, reis is gou, beweging is maklik, aksie is haastig, interaksie is vinnig en so is die lewe. Dinge wat vroeër ure geneem het om te voltooi, kan vandag binne sekondes gedoen word. [4.╫ Die wêreld is kleiner en die lewe vinniger danksy tegnologie [☜ Hoekom is tegnologie belangrik? [☜ Vanweë die toepassing van tegnologie het ons lewenstandaarde verhoog. [☜ Ons voorsien gemakliker in ons behoeftes. 3.╫ Tegnologie het vooruitgang in landbou gebring, wat tot toename in voedselproduksie gelei het ~~Te danke aan die ontwikkeling in ingenieurswese en argitektuur is die bou van stewige siviele strukture moontlik.~~ **skrap**

Voeg 'n bladsybreuk in

Λ Tegnologie het elke nywerheid bevorder **16 pt, bk, vetdruk, sentreer**
ǂ

VRAAG 6B (VERVOLG)

Voeg 'n bladsybreuk in na paragraaf 8

6.╫ Ondernemings het gegroei en meer werksgeleenthede geskep
[✂ Vordering in tegnologie het gelei tot die ontwikkeling van nuwe en vinniger vervoer en kommunikasie. [✂ Die toepassing van tegnologie het ontwikkeling bevorder in velde wat wissel van genetika tot die buitenste ruim. [✂ Rekenaars en internettegnologie is oral. Dit het elke sektor verander; of dit nou medisyne, toerisme, onderwys, vermaak of enigiets anders is. [5.╫ Tegnologie het elke aspek van die lewe aangeraak en dit makliker, beter en anders gemaak
ǂ
ʌ Tegnologie het die lewe verander **16 pt, bk, vetdruk, sentreer**
ǂ
8.╫ Die uitvinding van elektrisiteit het lig in die donkerte gebring [☜ As dit nie vir tegnologie was nie, sou ons nie elektrisiteit kon opwek of dit kon gebruik nie.
16 pt, bk, vetdruk, sentreer
ʌ Vandag kan dit op verskillende maniere opgewek word danksy tegnologie
ǂ
[☜ Hitte-energie (uit verbranding in fossielbrandstofkragaanlegte, uit stoom in termiese kragaanlegte en uit chemiese reaksies in kernkragaanlegte) word omgeskakel in meganiese energie vir aandrywing van turbines gekonnekteer aan elektriese generators wat elektrisiteit opwek. [☜ Deur die gebruik van oorhoofse en ondergrondse kabels kan die elektrisiteit versprei word na die kleinste huishoudings in die verste uithoeke van die wêreld danksy tegnologie. [9.╫ Wat het die gebruik moontlik gemaak van verskillende energiebronne om elektrisiteit op te wek?
ǂ
ʌ Toepassing van tegnologie **16 pt, bk, vetdruk, sentreer**
ǂ
7. ╫Hoe kon elektrisiteit gekanaliseer word na veraf plekke?
[☜ Weereens deur die toepassing van tegnologie. [☜ Nie net basiese behoeftes nie, maar selfs luukshede het ons leer ken danksy tegnologie! [10.╫ Hoe sou daar so maklik in ons basiese behoeftes voorsien kon word sonder tegnologie? [☜ Die mens kon in sy behoeftes voorsien selfs voor die koms van tegnologie.
ǂ
Arial 14 pt, vetdruk, regsbelyn
ʌ Dis hoe belangrik tegnologie is. Ons bly in verbinding hoewel ons kilometers verwyder is, danksy tegnologie. Tegnologie het die manier verander waarop mense kommunikeer.
Voeg as voetskrif in, Arial 10 pt
ʌ☺En dis presies hoekom tegnologie vandag so belangrik is en altyd sal wees.
☺Niks anders het die lewe so verander soos tegnologie nie.

[25]

VRAAG 7A: MEMORANDUM

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 17**

KANTRUIMTES: **Links: 3.81 cm/1.5"** **Regs: 2.54 cm/1"** **FONT: Arial 12 pt**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: Dubbel**
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKE-NAARNOMMER as 'n kopskrif in. 2. Neem alle proefleestekens in ag. 3. Proeflees (gebruik 'n speltoetser), stoor die dokument as V7A en druk. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Die voordele van tegnologie kan in feitlik elke aspek van die moderne lewe gesien word.

Bevoordeel tegnologie individue ook in daaglikse persoonlike interaksie.

Daarby bevoordeel die gebruik van tegnologie in onderwys kinders deur hulle te help om individuele rekenaaronderrig teen hul eie tempo te leer. Hierdie soort globale verbinding het openbare bewussyn van ander kulture en lewenswyses grootliks vermeerder.

(17)

VRAAG 7B: MEMORANDUM

TYD: 14 MINUTE **PUNTE: 23**

KANTRUIMTES: **Links: 2.54 cm/1"** **Regs: 2.54 cm/1"** **FONT: Courier New 12 pt**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Ja** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreëlafstand tussen paragrawe**

1. Herwin VRAAG 7A en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 7B.
2. Verwerk volgens die instruksies in VRAAG 7B.
3. Proeflees (gebruik 'n speltoetser), stoor as V7B en druk die dokument.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat: Voeg paragraafnommers in, keep in en rangskik in numeriese volgorde

Memo **voluit, gesp hfls, vetdruk**

Voeg horisontale lyne in soos aangedui

Aan: Alle Inligtingtegnologiedosente **bk**
Van: New York Times **bk**
Datum: Vandag se datum in dalende volgorde } **d/r**

Wat is die voordele van tegnologie? **bk, vetdruk**

1. Die voordele van tegnologie kan in feitlik elke aspek van die moderne ~~dae~~ ~~lewe~~ gesien word. **stet**
ok trs **bk**

[2. Bevoordeel tegnologie individue ook in daaglikse persoonlike interaksie.
E-pos, sosiale netwerke, *texting* en selfone maak dit makliker vir mense om **kursief**
met mekaar in verbinding te tree.

o/streep

[4. Daarby bevoordeel die gebruik van tegnologie in onderwys kinders deur hulle te help om individuele rekenaaronderrig teen hul eie tempo te leer.
Kinders bly ook meer gefokkus en opgewonde om te leer as hulle toegang **sp**
tot rekenaars en sagteware het.

[3. Hierdie soort globale verbinding het openbare bewussyn van ander kulture en ~~verminder~~
lewenswyses grootliks ~~vermeerder~~.

Vir meer inligting, gaan na: **10 pt, bk, vetdruk, sentreer**

www.informationtechnology.co.za **10 pt, vetdruk, sentreer**

(23)
[40]

VRAAG 8A: UITEENSETTINGSWERK

TYD: 7 MINUTE **PUNTE: 12**

KANTRUIMTES:		**PAPIER:**	**A4-portret**
Links:	**2.54 cm/1"**	**WOORDBREKING:**	**Nee**
Regs:	**2.54 cm/1"**	**JUSTERING:**	**Links**
FONT:	**Courier New 12 pt**	**REËLAFSTAND:**	**1.5**

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER, die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKE-NAARNOMMER as 'n kopskrif in.
2. Neem alle proefleestekens in ag.
3. Proeflees (gebruik 'n speltoetser), stoor die dokument as V8A en druk.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Rekenaars het 'n aantal positiewe uitwerkings op die samelewing gehad, soos:

- Verbeterde kommunikasie
- Verhoogde toegang tot onderwysinligting via die Internet
- Verhoogde produktiwiteit
- Gekoppel aan verhoogde vetsug
- Blootstelling aan ongewenste materiaal via die Internet
- Verhoogde misdaad en toegang tot privaat en publieke inligting
- Potensiële oorafhanklikheid van tegnologie

(12)

VRAAG 8B: UITEENSETTINGSWERK

TYD: 14 MINUTE **PUNTE: 23**

KANTRUIMTES: **Links: 2.54 cm/1"** **Regs: 2.54 cm/1"** **FONT: Courier New 12 pt**	**PAPIER: A4-portret** **WOORDBREKING: Nee** **JUSTERING: Links** **REËLAFSTAND: Enkel en soos aangedui**

1. Herwin VRAAG 8A en verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 8B.
2. Verwerk volgens die instruksies in VRAAG 8B.
3. Proeflees (gebruik 'n speltoetser), stoor as V8B en druk die dokument.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Voeg 'n bladsyrand in van jou keuse

Voeg in as kopskrif in Arial 8 pt: 1 Tegnologie het 'n integrale deel van ons daaglikse lewe geword
2 Om te verstaan hoekom tegnologie vandag so belangrik is

Watter positiewe en negatiewe uitwerkings het rekenaars op die samelewing gehad? **WordArt van jou keuse, bk, sentreer**

Rekenaars en tegnologie het vandag 'n standaard komponent in die lewe van die meeste mense geword. **bk, kursief**

Volledige antwoorde: **bk**

Rekenaars het 'n aantal positiewe uitwerkings op die samelewing gehad, soos: **o/streep**

Vervang kolpunte met Arabiese getalle en keep in

- Verbeterde kommunikasie
- Verhoogde toegang tot onderwysinligting via die Internet
- Verhoogde produktiwiteit

Rekenaars het ook negatiewe uitwerkings op die samelewing: **o/streep**

Vervang kolpunte met Arabiese getalle en keep in

- Gekoppel aan verhoogde vetsug ~~bronne~~ **stet**
- Blootstelling aan ongewenste ~~materiaal~~ via die Internet
- Verhoogde misdaad en toegang tot privaat en ~~publicke~~ inligting **skrap**
- Potensiële oorafhanklikheid van tegnologie

Kopieer die hoofopskrif hier

Voeg in *Horizontal Scroll shape by Stars and Banners*

Rekenaars en tegnologie bo!!! **Arial 10 pt, vetdruk, sentreer**

(23)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou